

## **Diens Sondag 8 Nov 2015 Verandering van seisoen!**

(Neil Marnewick - Beula Ministries Touching Jesus)

Ek dink 'n hele paar van ons erken nou dat ons in 'n seisoensverandering is. Dit is dan nou dat ons moet gereed wees vir wat kom. Alles wat ons tot dusver geleer het, moet ons nou aanhou doen. Ons kan nou bou op ons fondasie en ander ook help.

Maar nuwe uitdagings kan ook onsekerhede bring. Om op 'n nuwe vlak te wees is om grond te breek, te wees waar u nog nooit was nie. Selfvertroue kort dikwels, maar gelukkig het die Here se wonderlike Woord baie motivering in. Hy het elkeen van ons gekies vir 'n sekere werk. Omdat God perfek is kan Hy nie 'n fout maak nie. Hy kies altyd die beste persoon vir die taak. Jy hoef nie te voel asof jy nie goed genoeg is nie, want Hy weet wat Hy doen.

Eerlik waar, ons is nie een bekwaam genoeg nie, maar dis deur Jesus se wonderlike Gees en Woord. Kom ons kyk wat sê die Woord dan en doen dit.

(Die gemeente word betrokke deur die verse saam te verklaar, want deur fisies betrokke te raak help die verstand om dit beter te aanvaar, m.a.w. te glo. Dit lig die gemoed as om net te sit.)

Lees Fil 3:14: (Wenk: Almal staan op. Vee met jou hande van voor jou gesig agtertoe soos jy sê ek vergeet en gooi die ou gedagtes, teleurstellings en negatiewiteit agtertoe. Strek jou uit na voor en maak 'n bypassende gebaar vir elke kerkwoord in die vers. Dit het 'n paar laat lag.)

Doen dieselfde met Fil 3:11-14 en Heb 13:5,8. (Maak dit maklik vir kinders ook.)

Lees die hele Joshua 1 en laat die gemeente ook saamwerk soos hierbo, want dit lig hulle gemoed. Lees Jos 3:7, 11; 4:14 en herhinner hulle aan hoe die Here 'n mens oplik en dat die Here ons elk 'n naam van waarde gee.

Onthou dat Abraham se seën in Gen 12:1-2 net so van toepassing is vir christene as vir die Jode, vlg Gal 3:28-29. Elkeen kan dus glo dat ons net so geseënd kan wees.

Jerigo het geval met 'n groot slag. Dink jouself in, hoe party van die Hebreërs kon snaaks dink van hulle leiers wat so opgetree het. Sekerlik het van die leiers gedink, dat hulle soos dwase sou lyk as Joshua nooit van die Here gehoor het nie. Miskien was party te skaam om na Jerigo te kyk, want dalk was hulle gekoggel. Dalk het die kinders onskuldig vrae gevra waarvoor die grootmense nie antwoorde gehad het nie. Hulle het ook die Sabatreëls verbreek deur se ver en baie om die stad te loop. Nogtans was die volk gehoorsaam aan Joshua. Onthou hulle het nie die Here hierdie opdrag hoor sê nie. Niemand het homself slim gehou nie, almal was nederig aan die opdrag.

Joshua 7 - weens sonde het hulle slag verloor en hulle moed het in hulle skoene gesak. Maar hulle het die saak aangespreek en die hulle selfvertroue terug gekry. Jy sal foute maak, maar moet regmaak en aangaan. Die vyand sal altyd probeer lieg en sê jy is nie goed genoeg nie. As hy jou selfvertroue kan steel, dan sal jy ook oneffektief wees in situasies. Daarom, staan vas soos in Efe 6. Trek jou wapenrusting aan en onthou wie val jou aan.

Elkeen wat beweeg kom op Satan se radar!

As die Here jou gekies het, dan hoef jy niks aan enige iemand te verduidelik nie. Wees net sterk en vol moed. Doen jy net wat die Here vir jou sê en moenie bekomerd wees oor die res nie.

Jy sal natuurlik aanvalle kry. Daar is vier redes hoekom die Here negatiewe goed in jou lewe sal toelaat om te gebeur.

Een - Om jou te toets. Die Here toets jou nie om te kyk wat jou reaksie is nie en ook nie dat jy sien wat jou reaksie is nie. Hy toets jou of laat jou getoets word sodat jy kan sterk word. Om 'n leier te kan wees moet jy volwasse word, party keer dikvellig wees en vasberade te kan wees in elke situasie. Dink aan Job.

Twee - Omdat Hy 'n doel het daarmee. Party keer laat die Here slegte goed gebeur, want dit sal gebeurtenisse laat volg vir 'n spesifieke einddoel. Dink aan Josef wat deur sy broers verkoop is.

Drie - Omdat ander mense verkeerde aksies teen jou doen. Die Here het die mens in beheer van die skepping gesit. Met die sondeval het Adam en Eva hulle posisie van gesag verloor en Satan het dit vir homself toegeëien. God het nooit die duiwel hierdie mag gegee nie, maar dit is die mens wat tot vandag toe nog sy leuens glo. Hulle verkeerde optrede en gedagtes is gebaseer op die duiwel se leuens en so het hy die wêreld onder sy voete. Jesus het die saak heeltemal herstel en ons as kinders van die Here het dieselfde gesag as Adam. Ons weet net nie hoe om dit te gebruik en en moet dit aanleer. Weereens vertel die vyand die Here se kinders dat hulle nie dit en dat kan doen nie en so word ons oneffektief en tree uit vrees, selfregverdiging, trots en ongeloof op en benadeel mekaar.

Vier - Omdat ons deure vir aanvalle van die duiwel oopmaak met sonde en ongeloof. Dit is direkte aanvalle waarvan ek praat, ook geestelike bindings, sielsbande met die verkeerde mense. Dit is waarvoor ons moet wakker wees om hulle te kan identifiseer. Wees versigtig waarmee jy jouself ophou. Mag die Here ons help om rein te lewe!

Nou goed, kom ons staan weer op en besluit dat ons die Here se beloftes gaan glo. (Herhaal weer Fil 3:14. Sê ook "ek is sterk en vol moed" ens. Maak dit 'n gebed wat julle dan hardop doen met die gebare.)

Kom ons dank en prys die Here nou...